

2

EK BEHOORT AAN DIE HERE

Die feit van die verbond

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet wat dit beteken om God se kind te wees.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet God maak my sy kind.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God hulle hemelse Vader is wat vir hulle sorg.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om vir hulle ouers te vertel wat dit vir hulle beteken om God se kind te wees.

MEER INLIGTING (Jesaja 43: 1-4; 1 Johannes 2: 28 – 3: 3)

Ons maak nie iets wat mooi is en gooi dit dan weg of breek dit nie. As ons iets besonders gemaak het, is dit vir ons kosbaar en pas ons dit op. Ons wil ook nie dit wat ons gemaak het, laat wegraak nie. As dit nodig is, sluit ons dit toe sodat dit nie gesteel kan word nie. Wanneer iemand byvoorbeeld klere maak, of meubels, is dit vir hulle kosbaar omdat hulle dit self gemaak het.

In Jesaja 43: 1-4 vertel God dat Hy die mense van sy volk gemaak het. Omdat Hy hulle gemaak het, behoort hulle aan Hom. Daarom sal Hy hulle beskerm en oppas. God is vir sy volk, wat Hy ook sy kinders noem, baie lief. Daarvoor moet hulle nooit twyfel nie. Hy het hulle op hulle naam geroep. Jy kan iemand alleen op sy naam roep as jy hom ken. Omdat God ons baie goed ken, roep Hy ons op ons naam.

God verseker die volk Israel dat Hy hulle nooit alleen sal los of van hulle sal vergeet nie. Daarvan sal Hy nooit afsien of van gedagte verander nie – Hy is die Here hulle God, die Heilige van Israel. Israel is vir Hom kosbaar en Hy het hulle lief.

Jy onthou mos nog uit die vorige les dat God vir Abraham beloof het dat al die geslagte van die wêreld in hom geseën sal wees. Hierdie belofte word as't ware hier weer bevestig. Dit is dus nie net Israel wat geseënd sal wees nie, maar ook ons, baie jare later. Ons is ook God se kinders.

Omdat ons God se kinders is, weet ons ons hoef vir niks bang te wees nie. Hy is ook ons Vader. Ons is vir Hom kosbaar. Hy sal ons oppas.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Die kinders moet elke Sondag hulle Bybels saambring. Prent dit by hulle in en laat hulle gereeld tekste wat relevant is, opsoek. Hulle moet aan die Bybel *gewoond* raak.
- Die kinders se lidmaatboekies.

KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders met gebed open.

HET HULLE ONTHOU?

- Gee van die kinders geleentheid om te vertel wat dit beteken dat ons aan God behoort.
- Vra wie besluit het dat daar 'n verhouding tussen ons en God moet wees

Vra die volgende vrae en kyk of hulle verlede week se werk onder die knie het. Help reg waar nodig.

- Wie het met Abraham 'n ooreenkoms gesluit? *God.*
- Wanneer mense met mekaar 'n ooreenkoms gesluit het, wie moet dit laat werk? *Die mense wat met mekaar die ooreenkoms gesluit het.*
- As God sê dat sy belofte aan Abraham ook 'n belofte aan Abraham se nageslag is, hoe moet ons dit verstaan? *God se belofte is ook vir ons.*
- Hoekom het God ons Syne gemaak? *Omdat Hy ons liefhet.*
- Wat beteken God se verbond met Abraham vir ons? *Ons behoort aan God, en Hy pas ons elke dag op.*
- Watter teken het ons as bewys dat God ons Syne gemaak het en dat ons aan Hom behoort? *Die Doop.*
- Hoe moet ons teenoor God lewe wanneer ons weet dat Hy ons Syne gemaak het? *Dankbaar en bly.*

VANDAG LEER ONS

God het ons gemaak en Hy is lief vir ons. Hy sorg vir ons – Hy gee suurstof, laat ons harte klop, gee geliefdes, verlos ons van ons sonde, ensovoorts. Hy bemoedig en vertrou ons ook as ons moedeloos is. Hy vergewe ons sonde as ons berou het en verlos ons van die ewige dood. Wanneer ons gedoop word, ontvang ons die teken en waarborg dat God ons aanneem as sy kinders en al bogenoemde vir ons sal gee.

IETS INTERESSANT

Die dag toe ons gedoop is, toe God sy verbond met ons bevestig het, het Hy ons as't ware op ons naam genoem en gesê: *Jy is my kind. Jy behoort aan My.*

Het jy geweet hoe belangrik jou naam is? Dit word met 'n hoofletter gespel. Hoekom? Omdat jy uniek is – daar is net een soos jy, een vir wie God lief is, net soos jy is, met al jou sondes en eienaardighede.

Dra die gegewens by MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Lees Jesaja 43: 1-4. Beklemtoon vers 1b. Lees dit weer: *Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle hulle antwoorde lees, en help hulle reg waar nodig.

- Wanneer jy 'n mooi ding gemaak het, wat doen jy daarmee? *Ek pas dit op, want dit is vir my kosbaar.*
- Wat vertel God in Jesaja 43: 1 vir sy volk se mense? *Dat Hy hulle gemaak het.*
- Aan wie behoort hulle? *Hulle behoort aan God.*
- Hoe het God sy volk geroep? *Hy het hulle op hulle naam geroep.*
- Sal God vir altyd vir ons lief bly, of kan dit gebeur dat God sal verander? *God sal altyd vir ons lief bly en nooit verander nie.*
- Beteken om God se kind te wees ook vir jou iets vir jou toekoms? *Ja, dit beteken dat ek nooit onnodig vir enigiets bang hoef te wees as ek God se kind is nie.*
- Hoekom hoef 'n kind van God nooit bang te wees nie? *God is altyd by sy kinders, en Hy pas hulle op, want hulle behoort aan Hom.*

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle vir hulle ouers vertel wat dit vir hulle beteken om God se kind te wees. Laat hulle navorsing gaan doen oor hulle eie name. Wat beteken dié naam? Waarom het hulle ouers besluit om hulle hierdie naam te gee? Is dit dalk 'n oupa of ouma se naam, of het dit 'n spesiale betekenis? Laat hulle volgende keer meer kom vertel.

LEER

Memoriseer Jesaja 43: 1b.

Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

Laat hulle bostaande vrae en antwoorde gaan leer.

AFSLUITING

Lees Gesang 553 en vra dan een van die kinders om af te sluit met gebed.

*Ek is bly ek ken vir Jesus:
ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe
aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel
dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here
het niks om voor bang te wees. Amen.*

VIR DIE KATEGEEET

- Reël vroegtydig met die predikant om volgende Sondag die **MEER INLIGTING** by **IETS INTERESSANT** van Les 3 aan te bied.
- Vra of hy of sy, indien enigsins moontlik, as tema vir die prediking kan verduidelik wat 'n erediens is, en Gesang 157 op 'n gepaste plek tydens die erediens sal laat sing.
- Wys die kinders daarop dat hulle en hulle ouers oor twee weke spesifiek in die erediens op die volgende moet let:
 - Wat in die preek was vir hulle die *mooiste*?
 - Het die liedere by die preek *gepas*?
 - Het die dominee oor hulle nood in die gebed *gepraat*?
 - Wat is daar wat hulle nie verstaan het nie? (Hulle kan in so in geval die dominee bel en vra wat hy of sy bedoel het.)